Vrou In Die Amp
Moet GKL tot bekering kom?

Vrou In Die Amp
Besluit van GKSA Algemene Sinode

1. Die nie-onderhouding van Sinodebesluite insake VIDA kom neer op self-losmaking van die kerkverband.

2. Kerke word opgeroep om hulle te bekeer en in gehoorsaamheid aan Christus sinodebesluite te handhaaf. Die Sinode roep kerke, wat hulle nie aan die Sinodebesluite insake VIDA hou nie, op om die eenheid in die kerkverband te soek en te beleef.

3. Aan die betrokke kerke word ‘n jaar tyd gegee om hulle besluit om vroue in die ouderlingamp te bevestig terug te trek en met die daad reg te stel deur vroue wat wel in die amp bevestig is, losmaking te gee. Klassisse het die verantwoordelikheid om hierdie betrokke kerke pastoraal by te staan.

4. Indien ‘n kerk na daardie tyd voortgaan om nie by die Sinodebesluite te hou nie, word met droefheid deur die klassis aan die gemeentes in die GKSA gekonstateer dat daardie kerk ongehoorsaam aan Christus is en haarself van die GKSA as een kerklike gemeenskap losgemaak het.

5. Indien ‘n Klassis in gebreke bly om dit te doen, sal die betrokke Streeksinode die feit konstateer. Indien die betrokke Streeksinode in gebreke bly om dit te doen, sal ‘n volgende Algemene Sinode dit doen.

6. Indien klassisse of Streeksinodes advies benodig rakende die hantering van praktiese gevolge (byvoorbeeld eiendomme, versorging en finansies), staan dit hulle vry om Deputate wat aangewys kan word, te kontak.

Watter tekste oortuig die Sinode?

“God praat nie uit twee monde nie. In Sy Woord spreek Hy Hom duidelik uit oor vroue in die amp. Daar kan dus geen *bona fide* (in goeie trou) verskil in Skrifuitleg wees nie.”

Rapport
NETWERK24

Manlik
en Vroulik
in die Kerk
Geslagtelikheid en die
besondere dienste
Douw G Breed
Fika J van Rensburg
Gert JC Jordaan

1 Tim. 2:11’n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. 12Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee (leer) of oor die man gesag uit te oefen nie (lei/regeer); sy moet stil wees. 13Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna. 14Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het. 15Maar sy sal haar redding vind in moederskap, as sy maar volhard in geloof, liefde en ’n heilige lewe, en daarby beskeie bly.

1 Kor.14:33 …Soos in al die Christelike gemeentes 34moet die vrouens ook in julle gemeente/samekoms stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê. 35As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir ’n vrou om in die gemeente/samekoms te praat.

gk linden

Kerkraad van GKL

Die Kerkraad van GKL het op 21 Januarie 2026 vergader en ook ‘n wegbreek gehou van 23 – 25 Januarie 2026. Die volgende besluit oor die Algemene Sinode se VIDA-besluit is eenparig geneem:

1. Vir besluitneming in GKL is die gesag van die Woord deurslaggewend.
2. Op grond van die Skrif is die Kerkraad oortuig dat …

Gereformeerde Hermeneutiek

- Die Skrif verklaar homself. Skrif met Skrif vergelyking oor wie leer/profeteer en lei;
- Moeilik in die lig van maklik;
- Progressiewe openbaring (OT …Jesus…Kerk);
- Koninkrykslyne in Bybelse teologie;
- Konteks (Skrif; histories; sosiaal) vs Biblisisme;
- Sê nou maar jy het nie geweet van 1 Kor. 14:33-35 en 1 Tim. 2:11-15 nie?

Die verhaal van die vrou in die Ou Testament

Gen. 3:15Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.” 16Vir die vrou het die Here God gesê: “Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers.”

Eks. 15:20Mirjam die profetes (vgl. Jes. 1:2) , suster van Aäron, het ’n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans. 21Mirjam het vir hulle voorgesing: “Sing tot eer van die Here …”

Eks. 15:20Mirjam die profetes (vgl. Jes. 1:2) , suster van Aäron, het ’n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans. 21Mirjam het vir hulle voorgesing: “Sing tot eer van die Here …”

Uitsondering?

Mig. 6:4Ek het jou uit Egipte gebring, Ek het jou uit die plek van slawerny gered, Ek het vir Moses gestuur om jou te lei, ook vir Aäron en Mirjam.

Rig. 4:4In daardie tyd was Debora, die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was ’n profetes. 5Sy het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille kon bylê.

2 Kon. 22:13“Gaan raadpleeg die Here namens my en namens die hele volk Juda. Raadpleeg Hom oor die inhoud van hierdie boek wat gekry is.14Die priester Gilkija is toe na die profetes Gulda toe. Sy was die vrou van die klerebewaarder Sallum seun van Tikwa, seun van Gasra, en het in die nuwe deel van Jerusalem gewoon. Hulle het haar vertel, 15en sy het geantwoord: “So sê die Here die God van Israel:

Die verhaal van die vrou in die Nuwe Testament

Luk. 1:41Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul 446En Maria het gesê: “Ek besing die grootheid van die Here, …52maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog; …54Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming …

Hand. 2:36Daar was ook ’n profetes, Anna, ’n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud.

21:8 Ons het die evangelis Filippus, een van die sewe, opgesoek en by hom tuis gegaan. 9Hy het vier ongetroude dogters gehad wat die gawe besit het om te profeteer.

1 Kor. 12:7Aan elkeen afsonderlik word ’n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om ’n woord van wysheid te praat, aan ’n ander ’n woord van kennis deur dieselfde Gees; …10 …gawe om te profeteer, en aan nog ’n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei.

27Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen ’n lid daarvan. 28En in die kerk is daar mense aan wie God ’n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; …om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik.

12:29Is almal miskien apostels? Is almal profete? Is almal leraars? ...

12:11Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik ’n gawe uitdeel soos Hy wil.

Hand. 2:17Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; ... 18Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree.

Joh. 4:7Daar kom toe ’n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: “Gee My ’n bietjie water om te drink.”’

20:1Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf …17Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: ‘Ek vaar op …

Mat. 28:18 “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Gal. 3:28Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.

Daar is oorvloedige getuienis uit literêre bronne en grafskrifte dat vroue oral waar Christelike kerke in die eerste 500 jaar nC gestig is, in al die ampte gedien het. Vergelyk die letterlik honderde voorbeelde in Eisen, U.E. 2000. Women Officeholders in Early Christianity. Epigraphical and Literary Studies (Wim Vergeer)

- Sê nou maar jy het nie geweet van 1 Kor. 14:33-35 en 1 Tim. 2:11-15 nie –
- Sou almal nie saamgestem het dat vroue in al die ampte gedien het en mag dien nie en dat Jesus en Sy Gees hulle bemagtig het nie?
- Wat dan van 1 Kor. 14:33-35 en 1 Tim. 2:11-15?

Die moeilike tekste

There is clear evidence from the pastoral letters that Paul was dealing with some sort of disruption in the public worship services linked to some kind of false teaching. There are some clues, from extrabiblical sources, of a proto-Gnostic teaching, which may have been linked to the cult of Diana, which supported some idea of women's dominance.

My vague language reflects the fact that the evidence is rather tenuous. Our passage seems to indicate that wealthy and dominant women, who manifested their superior social status in the way they dressed, were introducing the false teachings. Against this background, Paul disallowed the influence of the false teaching and drew a line on women's dominance.

This passage does not prohibit women from ever doing public teaching, but it does make the point that the doctrinal purity of the church is ultimately in the hands of the elders. The elders must "hold firmly to the trustworthy message as it has been taught, so that he can encourage others by sound doctrine and refute those who oppose it" (Titus 1.9).

1 Tim. 2:8Ek wil dus hê dat die mans by elke plek (~~van samekoms~~) met ’n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis. 9Van die vroue wil ek hê dat hulle ook in hulle kleredrag waardig, beskeie en ingetoë moet wees. Hulle versiering moenie haarkapsels en goud of pêrels of duur klere wees nie, 10maar goeie werke, soos dit vroue betaam wat openlik bely dat hulle God dien.

11’n Vrou moet (~~in die erediens~~) stil en onderdanig wees en haar laat leer. 12Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee (leer) of oor die man gesag uit te oefen nie (lei/regeer); sy moet stil wees. 13Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna.

14Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het. 15Maar sy sal haar redding vind in moederskap, as sy maar volhard in geloof, liefde en ’n heilige lewe, en daarby beskeie bly.

1 Kor.14:33 …Soos in al die Christelike gemeentes 34moet die vrouens ook in julle gemeente/samekoms stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê. 35As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir ’n vrou om in die gemeente/samekoms te praat.

24Daarteenoor, as almal profeteer, en daar kom ’n ongelowige of ’n buitestaander binne, dan word hy deur almal in sy gewete aangespreek en kom hy tot selfondersoek. 26Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik ’n bydrae om te lewer: ’n psalm, ’n onderwysing, ’n openbaring, ’n ongewone taal of klank, ’n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop.

1 Kor. 11: 4Elke man wat bid of profeteer met iets op sy kop, doen sy hoof, Christus, oneer aan. 5Maar elke vrou wat bid of profeteer sonder iets op haar kop, doen haar hoof, haar man, oneer aan, want dan is sy net soos ’n vrou wie se hare afgeskeer is.

39Daarom, my broers, beywer julle om te profeteer en moenie die gebruik van ongewone tale of klanke verhinder nie. 40Alles moet egter gepas en ordelik geskied.

- Onordelike charismatiese byeenkoms (profesie, tale & uitleg);
- Glad nie soos ons erediens nie;
- Vroue neem ook deel (1 Kor. 11:5; 14:26);
- Swyggebod van 14:34 geld teen die gedrag van sekere vroue.

Ef. 5:21Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. 22Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. 25Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. 6:5Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag … asof dit vir Christus is.

Samevatting

- Die boodskap van die Skrif in geheel is dat vroue in al die ampte gedien het en steeds mag dien en dat Jesus en die Gees hulle bevry en bemagtig het met gawes wat ampte insluit.
- Dit lyk of 1 Kor. 14:33-35 en 1 Tim. 2:11-15 ’n krisis in ’n bepaalde konteks aanspreek.
- Geen teks in die Bybel verbied vroue in enige amp nie.

gk linden

Kerkraad van GKL

1. Vir besluitneming in GKL is die gesag van die Woord deurslaggewend.

2. Op grond van die Skrif is die Kerkraad steeds oortuig dat daar vryheid is vir GKL om vroue in die amp van ouderling (en predikant) te bevestig en ons volstaan by ons vorige besluit in die verband.

3. Die Kerkraad verwerp die uitspraak van die Algemene Sinode dat indien ons voortgaan met vroue in die amp van ouderling, ons teen Christus sondig en tot bekering moet kom.

4. Die implikasies van die bogenoemde besluit sal in oorleg met die gemeente bestuur word.

Mat. 15:9 Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie (vgl. Jes. 29:13).

Gal. 5:1Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ’n slawejuk laat indwing nie.

13Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.

Vrou In Die Amp
Moet GKL tot bekering kom?